Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2024-02-23

Liewe Ouers

GHOLFDAG: 8 MAART 2024

Ons noem weer dat Klein Lochieland net **een groot fondsinsameling** gedurende die jaar hou. Indien u nog nie iets geskenk het in die vorm van pryse, borge of gaan speel nie, kan u dalk na die volgende opsies kyk.

Ons benodig nog heelwat **pryse** vir die gholfdag om tot by die 15de plek pryse uit te gee. Pryse kan absoluut enigiets wees, solank daar net twee van een soort is, bv. kampstoele, koelsakke, gholfhemde en -keppies, potte, glase, penstelle, verf, roosters, biltong-hampers, ens. Kontant skenkings sal ook baie waardeer word, want dit word gebruik om pryse aan te koop. Elke bietjie help!

Ons benodig ook nog **putjie borge**. Teen slegs R1 000 kan besighede 'n putjie borg, waarop u dan advertensiemateriaal mag uitstal. Daar gaan ongeveer 144 spelers deelneem, dus is die blootstelling van u besigheid groot! Kontak gerus vir Juffrou Chantelle by croelofse@lochnerhof.co.za vir meer inligting.

Ons het besluit om weer vir ons verskillende klasse te vra om artikels in te samel om "hampers" op te maak. Dit kan ook as **pryse** gebruik word. Indien julle dit in jul begroting kan inpas kan die ouers van die volgende klasse die volgende items bring, asb:

Bytjieklas RR1-Juffrou Carlene:	***Neute of droë vrugte*** *(minstens een per kind)*
Skoenlapperklas RR2-Juffrou Paula:	***Sjokolade*** *(minstens een "slab" per kind)*
Besieklas RR3-Juffrou Michelle:	***Lekkers of beskuit*** *(minstens 'n pakkie per kind)*
Miertjieklas RR4-Juffrou Vernanda:	***Soet of sout koekies*** *(minstens een boksie per kind)*
Naaldekokers RR5-Juffrou Jané:	***Groot pakke skyfies*** (*minstens een pak per kind)*
Eendjieklas R1-Juffrou Anja:	***Ciders*** *(minstens 1 pak van 6)*
Beertjieklas R2-Juffrou Janita:	***Rooiwyn*** *(minstens 1 bottel)*
Vissieklas R3-Juffrou Chantelle:	***Bier*** *(minstens 1 pak van 6)*
Hasieklas R4-Juffrou Cara:	***Witwyn*** *(minstens 1 bottel)*

Ons gaan 'n interne kompetisie tussen die klasse loods en die klas wat die meeste items by graad R en RR insamel, 'n beloning gee.
Ondersteun ons asb!

BOODSKAP VAN DIE ARBEIDSTERAPEUT/SPRAAKTERAPEUT

Baie dankie vir al die siftingsvorms wat alreeds terugbesorg is. Die terapeute is druk besig om deur die aansoeke te werk. Die kinders word getoets tussen al hul normale kliënte wat die terapeute weekliks sien; dus word slegs 'n beperkte hoeveelheid kinders per week getoets. Ons vra dus dat u geduldig sal wees met die proses. U is welkom om die terapeute te kontak as u enige navrae het.

TOELATINGS 2025

Aansoek om toelating vir gr. RR vir 2025 is oop. Vorms is by die skool beskikbaar. Slegs aansoeke met die vereiste dokumentasie sal ingeneem word.
Huidige graad RR-kleuters se aanlyn-aansoeke vir gr. R open op 1 Augustus 2024.

GRAAD R-INLIGTING:

WILD WILD WEST – UITSTAPPIE

Onthou asb om die kleuters se **R70-00** te betaal vir die Wild Wild West uitstappie op:
Dinsdag 5 Maart vir die Eendjie- en Beertjieklas
Donderdag 7 Maart vir die Vissie- en Hasieklas

Ons tema vir volgende week is:			**SOMER**
Ons persepsies is:		Kleur:	**Pers**
		Getal:	**3 en derde**
		Klank:	**j en i-klank**
Assesserings:			**Tel in ene van 1 tot 10** **Tel terug in ene van 5 tot 1** **Mantekening** **Onderskei tussen links en regs**
Maandag	26 Februarie:		***Bring "i en j-klankie" prente, asb***
Dinsdag	27 Februarie:		Ons teken en versier 'n sambreel
Woensdag	28 Februarie:		Kleuters trek iets **pers** aan, asb. (as hulle het)
Donderdag	29 Februarie:		Ons oefen om ons name korrek te skryf
Vrydag	1 Maart:		***Onthou om skoolhempies aan te trek, asb.*** ***Vrydag is lekkertjie-dag!***

GRAAD RR-INLIGTING:

OUMA- EN OUPADAG: 14 MAART 2024 (SLEGS GRAAD RR_KLEUTERS)

Ons wil graag op Donderdag 14 Maart vir ouma en oupa nooi om die oggend saam met ons te kom piekniek hou. Kostes beloop R50-00 per persoon wat eet- en drinkgoed insluit. Bring asb. eie kampstoele en 'n piekniekkombers. Daar gaan 'n fotograaf wees wat foto's op die dag gaan neem wat u kan bestel. Die kleuters se kunswerke sal te koop wees vir 'n donasie van minimum R10-00.

Ons tema vir volgende week is:			**MY SINTUIE**
Ons persepsies is:		Kleur:	**Oranje**
		Vorm:	**Reghoek**
		Getal:	**3**
		Klank:	**f-klankie**
Maandag	26 Februarie:		Ons teken "iets" wat ek met my ogies kan *sien*
Dinsdag	27 Februarie:		Ons maak 'n blom wat lekker *ruik*
Woensdag	28 Februarie:		Kleuters trek iets **oranje** aan, asb.
Donderdag	29 Februarie:		Bring asb. 'n reghoekbroodjie
Vrydag	1 Maart:		Bak-en-Brou: Roomyskoekies ***Onthou om skoolhempies aan te trek, asb.*** ***Vrydag is lekkertjie-dag!***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel